Laerskool Danie Malan

Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

ONDERLEIDING VAN MEV. JOEANNE TINTINGER

TEL: 081 562 9907

E-POS: naskool@daniemalan.co.za

By Danie Malan se naskool weet ons hoe belangrik dit is vir ‘n kind om veilig en gelukkig te wees. Ons skep ‘n geleentheid in die besige lewe van vandag waar kinders kan groei en kan welkom voel. Daar is tyd vir skoolwerk, aktiwiteite, sport maar die belangrikste … om net kind te kan wees en te speel!!!!

Ons naskool bied die volgende ...

- ‘n vriendelike en veilige omgewing waar kinders in elke aspek kan groei;
- Ons naskool is op die skoolterrein gevestig en kinders kan aan buitemuurse aktiwiteite deelneem sonder om heen en weer vervoer te word;
- Sekuriteit by die hekke om die leerders se veiligheid te verseker;
- Die Gr R en 1’s se naskool is apart;
- Studiehulp een keer per jaar deur ‘n opvoedkundige sielkundige;
- Stimulerende atmosfeer om huiswerk te doen tydens vasgestelde tye;
- Opgeleide personeel wat hulp verleen tydens huiswerksessies en toesig hou oor kinders;
- Ons personeel is gekwalifiseerde onderwyseresse of hulle studeer onderwys;
- Gratis RO klasse word op ‘n daaglikse basis aan leerders gebied wat sukkel om te lees;
- Genoeg personeel om voldoende toesig oor kinders te hou;
- Opwindende vakansieprogramme;
- Voedsame middagetes.

INSKRYWINGS:

- Slegs ingeskrewe leerlinge van Laerskool Danie Malan sal by die naskool ingeskryf mag word.
- U kan enige tyd van die jaar u kind by die naskool inskryf;
- Inskrywingsvorms kan by die kantoor afgehaal word. U kan ook ‘n e-pos stuur na: naskool@daniemalan.co.za en ons sal vir u ‘n insrkywingsvorm e-pos;
- Inskrywingsvorms kan by die skool kantoor ingehandig word of u kan dit e-pos aan die naskoolhoof: naskool@daniemalan.co.za.

NASKOOL TYE:

- Maandae tot Vrydae: 14h00 – 18h00
- Skool vakansietye (April, Junie, September en Desember): 07h00 – 18h00
- Publieke vakansiedae en skoolvakansiedae: GESLUIT
- Gr R – Gr 2 leerlinge wag in hulle klasse tot 13h30 en kom dan na die naskool.
- Die naskool sal in Desember sluit op die dag wat die skool amptelik sluit soos aangedui in die jaar kallender.

NASKOOLFOOIE:

- R200.00 (TWEE HONDERD RAND) registrasiegelde is betaalbaar voor of op 7 Januarie 2018.
- R200.00 (TWEE HONDERD RAND) registrasiegelde is betaalbaar aan die begin van elke jaar tesame met ‘n aansoekvorm vir her-registrasie.
- Naskoolfooie is **vooruitbetaalbaar** voor of op die **7de (SEWENDE) dag** van elke maand.
- Naskoolfooie is betaalbaar oor **11 (ELF)** Maande (Januarie tot November).
- Naskoolfooie kan slegs per debietorder betaal word.
- Naskoolfooie kan ook eenmalig betaal word by die inskrywing van ‘n leerling - R9,590.00 (NEGE DUISEND VYF HONDERD EN NEGENTIG RAND).
- **Indien enige naskoolfooie teen die 7de van die maand nie betaal is nie, sal u kind toegang tot die naskool geweier word.**
- ‘n Kind sal eers weer toegang tot die naskool geniet wanneer alle naskoolgelde betaal is.
- **Indien skoolgelde uitstaande is sal ‘n leerling ook nie tot die naskool toegelaat word nie**.
- **Indien u skoolfondsvrystelling het sal u kind ook nie by die naskool toegelaat word nie.**

- n Boete van **R50.00 (VYFTIG RAND)** sal gehef word vir elke **5 (VYF)** minute wat die kinders na **18:00** afgehaal word. Hierdie boete is in kontant betaalbaar aan die toesighouer wanneer u, u kind kom afhaal.
- Indien u, u kind 3 x laat afhaal sal u kind die naskool geweier word.
- Dagfooie beloop **R100.00 (EEN HONDERD RAND)** per kind en is betaalbaar die dag wat u kind die naskool bywoon (slegs van toepassing op kinders wat nie ingeskryf is by die naskool nie).
- Fooie kan per internetbetaling betaal word in die skool se rekening.
- Gebruik u familiekode/naskool by alle naskool betalings.
- **BANKBESONDERHEDE:**

Laerskool Danie Malan

ABSA Bank

Tak: 632 005

Rek nr: 060260028

Verw: U Familiekode/naskool

SPYSKAART:

Hierdie is ‘n voorbeeld van die kos wat ons voorsien:

Hoofkos	Bykos
Spareribburger	Aartappel wiggies
Spaghetti Bolognaise	Vrug
Frikkadel en Rys	Pampoen
Vetkoek & maalvleis	wortelslaai
Vetkoekworsbroodjie	Wortelslaai
Russian en Chips	Groenslaai
Macaroni & kaas	Coctail worsie
Visvingers en Kapokaartappels	Vrug
Lasagne	Koolslaai
Worsbroodjie	Groenslaai
Kerrie & rys	Vrug
Bobotie en Rys	Patats
Herderspastei	Pampoen

Kinders kry deur die loop van die middag koeldrank / water.

HUISWERK EN STUDIETYD

- Huiswerk sal daagliks gedoen word tussen 14h30 en 16h00.
- Indien u kind nie in hierdie tyd al sy/haar huiswerk voltooi het nie, sal dit by die huis gedoen moet word.
- Leerders kan nie die hele middag in die huiswerkklas deurbring nie.
- Huiswerk sal onder streng toesig voltooi word en daaglikse register sal gehou word van kinders wat afwesig is.
- Personeel kontroleer dat die huiswerk gedoen ooreenstem met die huiswerk soos afgeskryf in die kind se dagboek.
- Geen verantwoordelikheid word aanvaar vir huiswerk wat nie in die dagboek afgeskryf word nie.
- Dit bly steeds u kind se verantwoordelikheid om alle huiswerk in sy/haar dagboek af te skryf.
- Ouers moet ook besef dat die naskool personeel bloot verseker dat die kind wel sy huiswerk doen en toesig in die verband hou.
- Die onderrig van die leerder berus by die skool en nie by die naskool personeel nie.
- Daar kan nie van die naskool personeel verwag word om elke individuele leerder se leerbehoeftes en/of – tekortkominge aan te spreek nie. Dit berus by die onderwysers en ouers.
- Ouers bly verantwoordelik om te verseker dat leerders se huiswerk wel gedoen is, aangesien leerders dikwels aandui hulle geen huiswerk het nie of hul naskool se (buitemuurse) aktiwiteite soveel tyd in bestek neem dat daar weinig of geen aandag gedurende die middag aan daardie leerder se huiswerk gegee kan word nie.
- Alle kinders is verplig om Maandag tot Donderdag aan te meld in die huiswerkklasse. Slegs kinders met buitemuurse aktiwiteite sal verskoon word, maar moet dadelik aan meld sodra die sport verby is. Streng register sal gehou word.
- Ouers moet die naskool in kennis stel van die betrokke leerder se buitemuurse aktiwiteite asook die tye.
- Indien u ‘n sms van die skool ontvang, dat u kind strafklas moet bywoon neem dit asseblief met die betrokke onderwyser/es op om vas te stel waarvoor u kind ‘n inskrywing ontvang het. U is dan welkom om dit met die naskool personeel op te neem by wyse van ‘n sms of e-pos.
- Gedurende toetsreekse kry die kinders steeds huiswerk. U kind moet egter steeds by die huis ook leer vir ‘n betrokke toets of eksamen.
- **GEEN SELFONE** word toegelaat tussen 14:00 en 15:30 smiddae nie.

- Naskoolpersoneel is daar om u as ouer se werk te verlig met die huiswerk, MAAR dit bly steeds die ouer se verantwoordelikheid om die kinders se huiswerk na te gaan en huiswerk wat nie by die naskool voltooi is nie, self by die huis te voltooi.
- Indien ‘n kind hom/haar wangedra gedurende naskool ure sal u as ouer daaroor ingelig word.
- Kinders wat hulle wangedra ontvang ‘n dissiplinekaart van die naskool. Indien u kind 3 keer ‘n dissipline inskrywing ontvang kan u kind die naskool geweier word.
- Alle leerders moet in die besit wees van die volgende skryfbehoeftes vir die naskool:

Gr R:



- Inkleurpotlode of uitdraaikryte;
- Enige makike leesboek;
- Inkleurboek;
- ‘n Boek met skoon papier in om prentjies te kan teken.

Gr 1 - 3:

LET A.S.B DAAROP DAT GR 1 LEERDERS HULLE SKRYFBEHOEFTES IN DIE KLAS LOS. U MOET A.S.B SEKER MAAK DAT U KIND OOR DIE NODIGE SKRYFBEHOEFTES VIR DIE NASKOOL OOK.

- A4 boek waarin huiwerkpapiere geplak kan word en spelwoorde geoefen kan; word (verkieslik die swart hardeband boeke);
- HB potlood;
- Liniaal;
- Skerpmaker;
- Uitveer;

GR 4 – 7:

- Dagboek waarin huiswerk afgeskryf kan word;
- ‘n Opsommingsboek vir die eksamentyd;
- Blou pen;
- Uitveer;
- Skerpmaker;

- Liniaal;
- HB potlood

AFHAAL VAN KINDERS

- Alle kinders moet deur die betrokke persoon wat die kind kom haal uitgeteken word.
- Kinders sal onder geen omstandighede toegelaat word om die naskool te verlaat sonder dat hy/sy uitgeteken is nie.
- Geen kind mag vir sy ouers by die skoolhekke wag nie.
- Indien u reëlings tref m.b.t vervoer vir ‘n middag, stel asb die naskoolpersoneel in kennis per sms of skriftelik sodat ons bewus is van u reëlings.
- Indien daar ‘ n krisis opduik buite u beheer stel asb die personeel in kennis by 081 562 9907

DISSIPLINE EN DISSIPLINE STELSEL

Die dissipline beleid van Danie Malan naskool is in ooreenstemming met die van die skool en ondersteun die beheerliggaam die naskoool ten volle.

PERSOONLIKE BESITTINGS:

- Alle kledingstukke van u kind moet DUIDELIK gemerk wees.
- Alle skryfbehoeftes moet ook duidelik gemerk word.
- Die naskoolpersoneel kan nie verantwoordelik gehou word vir u kind se persoonlike besittings nie.
- Leer a.s.b u kind om sy/haar goed op te pas. Geen boeke, tasse, skryfbehoeftes of klere kan deur die naskoolpersoneel opgepas word nie.

HANTERING VAN PROBLEME:

- Ouers mag nie reg in hulle eie hande neem om enige ongelukkighede met ‘n kind op die skoolterrein uit te sorteer nie.
- Geen skree en raas voor ander kinders of ouers sal geduld word nie.

- Geen ouer het die reg om enige personeel lid voor ander mense aan te vat oor enige probleme wat sou opduik nie, die probleem moet by die naskoolhoof aangemeld word en dan sal dit van daar verder geneem word.
- Indien daar wel enige probleme sou wees kan u dit met Mev Joeanne Tintinger bespreek op ‘n gepaste wyse.

RESPEK:

Ek sê altyd respek kan nie afgedwing word nie maar word verdien!!!

- Kinders moet ten alle tye respek en hoflikheid teenoor toesighouers en ander personeel betoon.
- Kinders moet ook ten alle tye respek teenoor hul mede-leerlinge en hul besittings betoon.
- Kinders is verplig om die naskoolhoof en personeel te ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde asook ‘n omgewing en toestande waarin die ordentlike toesig en veilige samesyn ongehinderd toegepas kan word.
- In besonder word van die kinders verwag om enige redelike opdrag van die naskoolhoof en personeel te gehoorsaam.
- Kinders moet hulle daarvan weerhou om enige gedrag wat daarop gemik is om die fisiese, geestelike en morele welstand van enige ander kind of personeellid te skend of wat daartoe mag lei.
- Kinders wat nie daaraan gehoor gee nie sal ongelukkig nie by ons gehuisves kan word nie.

As naskool wil ons u las verlig en het dus u volle samewerking asook u kind s’n nodig.

Vriendelike groete

JOEANNE TINTINGER
NASKOOLHOOF
Tel: 081 562 9907
E-pos: naskool@daniemalan.co.za